
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

LEWENDE BROOD

Die oomblik wanneer jy bewus word van die brood en wyn in die Skrif, sal jy baie verse in die Bybel vind wat hierna verwys. Dit het met my gebeur en ek wil `n paar met jou deel aangaande die brood, wat die simbool is van Jesus se Liggaam wat vir ons aan die kruis gebreek is en aan ons genesing gee. Die Bloed van Jesus wat gestort is, het vir ons sondes betaal, want volgens God se Woord kan daar geen vergifnis van sonde wees as bloed nie gestort is nie. Dit is noodsaaklik vir ons verlossing. Het julle egter gesien dat fisiese genesing, as deel van die versoening, dikwels afgeskeep is met die Heilige Nagmaal. Sou die rede menslike tradisie of onkunde wees, of miskien albei? Ek wil my verstout om te sê dat dit albei is. Hoe kan ons vir genesing bid of glo as ons nie geleer is dat Jesus die prys daarvoor op Golgota betaal het nie? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord vanGod (Rom.10:17). Wanneer ons geloof opgebou is deur die waarheid van God se Woord te hoor, is ons gereed om die genesing te ontvang wat Hy begeer om aan ons te gee. Deur die wonde op Jesus se gebreekte Liggaam, wat deur die brood voorgestel word, is ons genees (1Pet.2:24).

Jesus is die Lewende brood, en ons raak al meer hiervan bewus wanneer ons die volgende vier verhale oor hierdie waarheid in God se Woord lees.

1. HULLE Oë IS GEOPEN

Die breek van die brood bring ons nader aan Jesus en open ons geestes oë. Ons lees in **Luk.24** van die twee vriende wat na Emmaus op pad was. Hulle het geloop en praat van die dinge wat pas plaasgevind het aangaande Jesus en die kruisiging.

En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam. Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie (Luk. 24:14 ; 16).

Jesus het hulle uitgevra oor die onderwerp en hulle was verbaas omdat Hy nie van die gebeure gehoor het nie. Met hulle vertelling aan Hom van die gebeure was dit duidelik dat hulle baie teleurgesteld en verward was. Hy het toe met hulle oor die profesieë in die Ou Testament, aangaande die Messias wat vervul moes word, gepraat. Tog het hulle Hom steeds nie herken nie.

Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan; Maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly. En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle <u>toe is hulle oë geopen</u> en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn(Luk. 24:28 – 31).

Ek glo dat hulle geestelik beter kon onderskei nadat hulle die gebreekte brood geëet het. Hulle geestes oë is geopen. Ons het dit verseker in ons lewens ondervind deurdat ons daaglikse die nagmaal gebruik. Die Heilige Gees Gawe van onderskeiding van geeste werk sterker as tevore omdat ons, deur elke dag die brood te breek, nader aan Jesus beweeg.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Lewende Brood….)

2. DIE KANANESE VROU SE GELOOF.

`n Ander verhaal wat die brood insluit word in **Matt.15:21-28** gevind, waar die Kananese vrou na Jesus gekom en Hom gesmeek het om haar dogter te genees.

En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek en `n Kananèse vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie `n woord geantwoord nie. Toe kom Sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Maar HY antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af (Matt. 15:21 – 28).

Jesus het haar gewys dat die brood van genesing vir God se kinders is, maar weens haar volharding om tog net van die krummels te kry, het Jesus in vers 28 opgemerk: **o Vrou groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy wil hê.** Hierdie vrou sou tevrede gewees het met die krummels van die Lewende Brood wat die simbool van Jesus Self is. Haar dogter was van daardie uur af gesond.

3. JESUS DIE TOONBROOD.

In die Ou Testament lees ons in **Ps. 23:5: U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders.** Die tafel [nagmaal] is vir ons voorberei en as ons dit gebruik soos voorgeskryf, is dit ‘n magtige wapen teen die vyand. Die Wyn en die Brood op ‘n waardige wyse geneem. Dit is verseker die tafel (nagmaal) wat vir ons voorberei is.

Ons lees In **Ex. 25:30** dat God Israel die volgende opdrag gegee het: **En op die tafel moet jy ALTYDDEUR toonbrood voor my aangesig neersit.** Hierdie brood was ‘n voortdurende dankoffer aan God, **(Doen dit dikwels ter gedagtenis aan My**) en daarna is verwys as die brood van “teenwoordigheid”, wat God se teenwoordigheid in die Allerheiligste aangedui het. Dit was simbolies van Christus Self - vir ewig lewend en aan Wie ons daagliks deel kan hê. Die toonbrood moes altyd vars wees. Wyn en wierook is saam met die brood geoffer. Die wyn simboliseer die Bloed van Christus, die wierook; ons lofprysing, aanbidding en dankbaarheid

4. **JESUS DIE LEWENDE BROOD.**.

God het manna aan die Israeliete in die woestyn voorsien, en ons weet ook dat hulle dit elke dag moes optel. Dit was God se voorsiening aan hulle as brood uit die hemel. Jesus het Homself met hierdie manna vergelyk. In **Joh. :6: 28** het Jesus se dissipels aan Hom gevra: **Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?**

Dit is toevallig dieselfde vraag wat ek die Here gevra het. “ Waar is die krag van die kerk?” (die werke van God)

Dit was hierdie vraag wat gelei het tot die openbaring aan my aangaande die Heilige Nagmaal!

Toe aan Jesus in vers 28 gevra is hoe hulle die krag kon kry om die werke van God te doen, het Hy dadelik gesê dat hulle eerstens in Hom moet glo, Jesus, (v29) die ware brood uit die hemel, (v32) die Brood van God wat lewe gee (v34) wat altyd (elke dag) , hierdie lewe gewende brood gee. (v35) **Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.**

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons Sy vlees gee om te eet? En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Lewende Brood…)

nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe! (Joh. 6 : 47 – 58)

Ek wil julle aandag op vers 51 vestig: **Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. EN DIE BROOD WAT EK SAL GEE IS MY VLEES….** Sy vlees, ons daaglikse brood, wat aan ons die lewe sal gee net soos die manna dit aan die Israeliete gegee het, elke dag nuut.

Ek glo vas dat die Kerk herstel sal word tot dieselfde plek waar Jesus die sewentig uitgestuur het (soos in Luk.10 beskryf) en soos hulle in pare uitgaan, sal hulle die evangelie verkondig, duiwels uitdryf, melaatses reinig, dooies opwek en siekes genees, sodat mense in ons dorpe en stede sal besef dat die Koninkryk van God naby gekom het. Hulle sal saam met gelowiges wat genesing en onderskraging nodig het brood breek in huise en hospitale en hulle wat begeer om Jesus Christus aan te neem, en die Goeie Nuus van wat Hy vir hulle sondes en siektes gedoen het. Hulle sal onmiddellik deel kan hê aan die brood en wyn, omdat hulle geglo het. Ek het al baie persone gesien wat genees en bevry is van allerhande siektes, fisies en emosioneel, wanneer hulle op `n waardige wyse en in geloof nagmaal gebruik het. Daar was geen hande op hulle gelê nie. Dit is Jesus Christus wat die Geneesheer is.

Kan jy jou voorstel hoe `n gemeente sou wees waar elke gesin daagliks brood sou breek, soos ek dit nou beskryf het? Eerstens glo ek dat siektes grootliks sou verminder. In die tweede plek sou familietwis en verhoudings probleme tot die minimum beperk wees, omdat families en getroude pare mekaar daagliks vergewe voordat hulle saam die brood breek!

Die Herder (Pastoor) sal meer tyd hê om op die Here te wag en die Woord te bestudeer, sodat hy die skape kan toerus om uit te gaan en siele vir Jesus te wen! Daar sal nie tyd gemors word om wanverhoudings en probleme tussen gemeentelede uit te sorteer nie, omdat daarmee by die huis gedeel is, voordat nagmaal gebruik is.

Elkeen van ons moet siele vir Jesus wen, dit is die gelowiges se werk om die oes in te bring. Herders kry nie skape nie – skape kry skape. Die gemeente moet vir hierdie doel toegerus word.

Hoe gouer ons opgebou en volwasse in Christus is en die bevele van Jesus gehoorsaam, hoe gouer sal ons kan uitgaan en siele vir God se Koninkryk wen! Om Jesus se kruisdood te onthou en die voordele daagliks te verkondig tot Hy weer kom, hou ons oë op Hom en weg van andere se tekortkominge, asook ons eie kleinlike griewe. Ons moet Jesus se dood verkondig in die Goeie Nuus boodskap aan `n verlore wêreld.

Jesus se verminkte liggaam aan die kruis het vir al ons siektes, kwale, pyne en gebreke betaal en Sy Bloed vir ons verlossing. Hy was en is steeds die versoening vir ons sondes. Hy het aan ons mag gegee oor die magte van die duisternis en het die ewige lewe vir ons moontlik gemaak. Dit is verseker die Goeie Nuus wat DAAGLIKS aan die skepping verkondig moet word, totdat Hy weer kom. HY HET DIE VOLLE PRYS BETAAL. ●

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

HEALING FOR THE BROKEN HEART

The Ministry from the Christian Centre here at Stanger began with the emphasis on the healing of physical sickness and ailments through the miracle working Power of God's Holy Spirit. We tried to impart the understanding of God's infinite love and His will, which is to see people whole and healthy, and that it has never been His will and never will be for His children to be sick and infirm. We have also always emphasised the most important aspect of regeneration, namely repentance from sin, forgiveness and the new birth in Jesus Christ. This is absolutely imperative for total healing. The Body, soul and spirit of man are inseparable and Father God desires to heal the whole person. The soul consists of the intellect, emotions and will. Man has been given a free will, which he uses to make choices. God does not choose for us and the will of man is out of bounds to Satan. Our choices rest with us. The choices we make are our responsibility alone. No one can choose for you or me. Gradually, God showed us that the majority of His children, including many sincere, faithful people, were walking around with wounds and bruises within their emotions and soul, as a result of unforgiveness. These tend to re-occur time and time again resulting in pain and unhappiness, to the degree that they are unable to lead a victorious spiritual life! They are incapable of displaying a joyful, happy image for the glory of Jesus Christ. This need tears at our hearts and if you have such a need, we want to assure you that this article will lead you to streams of quiet waters, and your life will be restored and refreshed, so that you will be able to sing a new song through God's Word and Jesus Christ our Saviour. The same Holy Spirit of God Who brings about physical healing to our bodies, is able to do the same for our emotional injuries, but it depends upon our obedience to the commands and instructions of Father God in His Word, the Bible, in order that the chains of the Tormentor, Satan might be broken in your life.

In the first public message of Jesus' Ministry, He said that He had not come to heal only physical sickness, but also the broken hearted and to set the captives free **"……. Because He has anointed Me to preach the gospel to the poor. He has sent Me to heal the broken hearted, to preach deliverance to the captives and recovery of sight to the blind, to set at liberty those who are oppressed. To preach the acceptable year of the Lord" (Luke. 4:18 and 19).** This is inner healing, and Jesus came to earth to heal these hurts as well. A sick heart is described by Jesus as the source of all unclean, human evil **(Matt. 15:18 and19)**. Therefore a healthy heart is the source of blessings in the life of a person! No new discovery, or political direction or church doctrine is as important as the complete healing of a heart through placing its past into perspective in the light of God's eternity. By inner healing the lonely can be freed from captivity. The depressed can receive light in their oppressive state of gloom. Those who feel that no one loves them will receive acceptance and the ability to give and receive the glorious emotion of love. The crippling of guilt which seems irremovable will be removed and when we are freed of all the oppression hurtful memories can bring we will realise that Scriptural thoughts are mightier than the enemy's ones, because the Bible is God's written Word and Jesus Christ is the Living Word **(Joh. 1:14).**

Inner healing is the transforming of the inner man. The thoughts, emotions, painful memories and hurts are brought into captivity in line with the Word of God, under the Lordship of the Lord Jesus Christ. It is the process of being freed from feelings of inferiority, rejection, self-pity, depression, guilt, fear, heartache, hate, regret, condemnation, and worthlessness by means of forgiveness, prayer and taking every thought captive to the Word of God and choosing to have your mind renewed by God's Word. **Rom. 12:2** says : **And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, that you may prove what is that good and acceptable and perfect will of God.**

Inner healing is thus the renewing of your mind regarding yourself and others. It is being cleansed by the Word and the Spirit of God. Jesus said in **John 14:27: "Peace I leave with you, My peace I give to you; not as the world gives do I give to you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid.**

In **Isaiah 53:5** we read of Jesus: **But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities, the chastisement for our peace was upon Him, and by His stripes we are healed.**

Jesus saves us from our sins! - "Spiritual healing". He brings us peace - "Inner or emotional healing," and He heals our bodies - "Physical Healing". Jesus wants us to be completely whole!

To receive inner healing we need to know and do the follow-

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Healing for the broken heart…..)

ing:-

Confess our sins, especially the sin of unforgiveness and repent of them. Embrace with understanding the full price that Jesus paid on the cross so that we might have life and that more abundantly. He defeated Satan on the cross, through His shed blood so that we could be loosed from all the bondages and chains that Satan had legally upon us. These have been broken and we need to receive by faith the freedom we now have as disciples of Jesus and Children of the Most High God. After prayer for healing and deliverance, we must walk as Jesus walked by the renewing of our mind and thoughts through reading and being obedient to the Word of God.

For the Word of God is living and powerful and sharper than any two edged sword, piercing even to the division of soul and spirit, and of joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart (Heb. 4:12). It acts as 'spiritual surgery' whereby the 'growths' that have formed in us are excised – the 'growths' of fear, hate, anger, jealousy, envy, self pity, unforgiveness and bitterness. Jesus is the Healer. Of Him it is written in **Isaiah 61:1-3: "The Spirit of the Lord God is upon me, because the Lord has anointed me to preach good tidings to the poor; He has sent me to heal the broken-hearted, to proclaim liberty to the captives, and the opening of the prison to those who are bound; to proclaim the acceptable year of the Lord, and the day of vengeance of our God; to comfort all who mourn, to console those who mourn in Zion, to give them beauty for ashes, the oil of joy for mourning. The garment of praise for the spirit of heaviness; that they may be called trees of righteousness, the planting of the Lord, that He may be glorified."**

See how beautifully God sums up inner healing in this portion of scripture, and then Jesus repeats it again speaking of Himself in **Luke 4:17-19.**

And Jesus is the anointed one who comforts and binds up and sets free!

A very dear friend of our family had received very little love from her father as a child, which left a great aching void in her life. She expected her husband to fill this void once they were married, but to no avail, as her husband was not her father and could not possibly fill that need of a little girl for her father. Her husband could not take the place of her father. But she gave her heart to Jesus and became born again of the Spirit of God and Jesus filled the emptiness in her heart, by His Holy Spirit. He will fill every void, He will meet every need. He will be all to us, a Father, a mother a friend, even a husband **(Is. 54:5**). Jesus will take away all hurt and grief and old thoughts and thought patterns which brought pain, and they will lose their power to hurt. Today, our friend is joyful, lively, contented and at peace within herself and with others, not because her husband changed, but because Jesus met her inner need and restored her.

Through prayer and obedience to God's Word, Jesus the Healer will heal every wound by His Holy Spirit, and will wipe away every painful thought and memory. Sometimes the memory remains but it will not be painful any more. The pain, that deep wound, will be anaesthetised. The oil of the Holy Spirit heals that sore place.

He cleanses us and gives us His Peace. **Col. 2:11-15** gives us a wonderful description of this surgery.

Jesus is the only one who can remove our sadness through healing the inner man, and He will do it if:

1. We want to be loosed from Satan's bondages.
2. We desire to be free of old thought patterns.
3. We desire to be made whole and new.
4. We desire to stay free to serve Him and be a testimony for Him so that others may come to know Him and be set free!

Jesus Christ the same yesterday, today and forever **(Heb. 13:8).**

He is not bound by time and space. He knows our hurts and needs. He wants us to live in the present, today, and not in the past. **Philip. 3:13** says: **Brethren, I do not count myself to have apprehended; but one thing I do, forgetting those things which are behind and reaching forward to those things which are ahead.**

Some people enjoy living in the past, they relive their lives and bring up all the old hurts of the past, becoming real martyrs. Jesus cannot help people such as these, because they do not want to move on. We must desire recovery if we really want to know inner peace. He is faithful and well able to make this a reality in our lives. Read **Col. 1:13-14** to confirm this: **He has delivered us from the power of darkness and translated us into the kingdom of the Son of His love in whom we have redemption through His blood, the forgiveness of sins.**

It is quite clear that if you repent before Father God and allow Jesus to be your Saviour and Redeemer and Lord of your life, His precious Blood will cleanse you of all sin **(1 John 1:7).** However we must realise that the enemy of our

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Healing for the broken heart ..)

souls will try and put all sorts of thoughts and ideas into our minds, contrary to the Word of God of course, to try and rob us of our faith in God, not only as far as our redemption and deliverance are concerned, but just to break us down and frustrate us so that we become ineffective Christians. This is so unnecessary, because our Heavenly Father gave us, in Jesus Christ, a perfect way.

Inner healing is certainly not the process of going into the past in order to dig up old buried, messy facts ! It is not trying to find as much old garbage as you can remember! It is getting rid of that garbage and rubbish. It is allowing the Light of the Gospel of Peace of the Lord Jesus Christ to shine in all the dark areas where Satan has hidden the sore and painful grudges and bitterness. It is the forgiving and releasing of things past.

We often think 'out of sight out of mind' when it comes to unforgiveness and bitterness in old relationships. But this kind of reasoning is the same as hiding articles in a corner or a cupboard. When the door is closed we can't see the mess, but eventually, when the cupboard can hold no more clutter, everything tumbles out as we open the door. The same principle holds when it comes to our mind. We can continue to push into our thoughts and minds garbage such as fears, unforgiveness, unbelief, guilt and bitterness, believing that it won't worry us, but it starts to fester in our inner most being, affecting and polluting us, influencing us and causing us to react in the flesh and contrary to the Will and Word of God: Fear, or unbelief could well appear when we least expect it.

There are so many of us who go through life arguing "If only ……" or "what if …." Someone once said that there are two words that should be removed from our vocabulary. One is 'never' and the other is 'always'. "I never do anything right", "I always fail", "You never do this or that", "You always do so and so." The Word of God promises us deliverance from these long standing bad habits.

Fearful and frustrated people consume large quantities of alcohol, nerve medicine and sleeping tablets in their effort to blot out their past and fear of the future. Millions of rands are spent on visits to doctors and psychiatrists. We praise God for Christian doctors and nurses. Luke was a doctor and was inspired by the Holy Spirit to give us the Gospel of Luke and the book of Acts, God created medicine and gave people the intelligence and ability to use it, but Divine Healing is God's very best. Doctors treat, Jesus heals. Doctors often treat the symptoms but Jesus wants to heal the cause. Jesus is the Great Physician – He alone can heal us completely and make us whole. He wants to heal our broken hearts. Where there is mental confusion, He wants to give us a clear mind. Where there is fear, He desires to encourage us and give us peace. **2 Tim. 1:7** tells us: **"For God has not given us a spirit of fear, but of power and of love and of a sound mind."** (Read our book "Free from Fear")

Our Heavenly Father wants to restore broken relationships, He wants to rebuild shaky marriages. He wants us to have sound relationships with others. He wants to enable us to love others as we would like them to love us, to be able to forgive others as it is expected of us. He wants us to be the person that He has created us to be. If there is one word that could describe the results of inner healing, it would be PEACE. Think of a few Biblical Characters who had deep needs and who received that inner peace. If we think of Saul of Tarsus and all the Christians that he murdered before becoming a Christian, we could only vaguely imagine the feelings of guilt and self reproach that continually taunted him. He was truly grieved and repented of having acted in such a manner, asking for forgiveness, and receiving it. He received an inner peace and became a spiritual giant and great apostle of the Lord Jesus Christ.

Think of the woman caught in adultery. She must have experienced condemnation and shame, without a shadow of a doubt, but Jesus said **"….. Woman, where are those accusers of yours? Has no one condemned you?" (John 8:10)**

King David not only committed adultery but also allowed the murder of Bathsheba's husband. His illegitimate baby son died. He was obviously overcome with painful and shameful memories. However, the Lord healed his aching heart and David developed into a man after God's own heart. In **Psalm 16:9** David writes **"Therefore my heart is glad, and my glory rejoices".**

He had received inner peace. David had tremendous regret and pleaded for God's forgiveness, and received it.Peter experienced deep shame and felt regret when he denied Jesus, but he received forgiveness and peace and eventually became so stable that Jesus called him a rock.

The Lord wants each one of us to have this same peace in our hearts. The Bible promises us in **Philip. 4:7: …. and the peace of God, which surpasses all understanding, will guard your hearts and minds through Jesus Christ."**

Read Is. 26:3: You will keep him in perfect peace, whose mind is stayed on You, Because he trust in You. And we read in **Eph. 2:14: For He Himself** (Jesus) **is our peace …..**

Thank You Lord for Your PEACE. Thank You Lord for Your inner healing. ●



UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Geliefdes;

… Hy roep sy eie skape by hulle naam … Joh. 10:3.

Voel jy soms asof jy net ‘n gesig in ‘n skare is of ‘n nommer in ‘n stelsel? Jy word geïdentifiseer deur jou identiteitsnommer. Selfs wanneer jy ‘n dokter gaan sien, gaan dit op die ry af. As jy voel asof jy van jou persoonlikheid en menslikheid gestroop is, is dit presies hoe die duiwel jou wil laat voel – dat jy nie veel vir enigiemand beteken nie, veral nie vir God nie.

Maar jy beteken baie vir God! Hy roep jou by die naam. Hy weet presies waardeur jy gaan en waar jou seerkry is. Hy sien jou en Hy gee vir jou om, netsoos Hy vir die mense omgegee het toe Hy die eerste keer op die aarde gewandel het.

Geliefde, Hy sal vir jou doen wat Hy vir die vrou in Samaria gedoen het. Die Bybel sê dat “Hy deur Samaria moes gaan” van Judea na Galilea **(Joh. 4:4)**. Enige Jood van Sy dag sou egter ‘n ander en langer roete gevolg het, om te verhoed dat hulle deur Samaria gaan, omdat hulle die Samaritane gehaat het. Jesus het egter met opset die korter roete, wat vermy was, geneem, net sodat Hy by Samaria kon stop om met die vrou te praat, wat na iets gesoek het om haar lewe te bevredig.

Hierdie vrou het vyf mans gehad en die man met wie sy saamgeleef het was nie haar man nie. Dit was duidelik dat dinge in haar lewe nie reg was nie. Sy het moontlik na antwoorde en vervulling gesoek, en moes skaam gevoel het oor haar mislukte huwelike en huidige lewenswyse.

Tog, ten spyte van alles, het sy vir Jesus saak gemaak! Hy moes na haar toe gaan om haar te bedien. Nadat sy Jesus ontmoet het, die perfekte Man, het sy verander. Sy was nie langer skaam nie, en het in die stad ingegaan om die mense van Hom te vertel **(Joh. 4:28–29).**

Geliefde, Jesus wil jou ontmoet waar ook al jy in die lewe is en Sy genade aan jou bedien. Jy maak verseker vir Hom saak. Hy het gekom om aan jou lewe te gee en lewe in oorvloed **(Joh.10:10).** Jy is nie net ‘n gesig in ‘n skare of ‘n nommer nie. Nee, Hy ken jou by jou naam en het ‘n persoonlike liefde vir jou. Ten spyte van die gemors waarin jy mag wees, wil Hy in elke behoefte van jou voorsien en jou lewe wonderlik maak!

Baie, baie dankie vir al julle ondersteuning; deur jul gebede, oproepe, briewe en bydraes, waarsonder ons die Woord nie sou kon uitdra vanaf die Christelike Sentrum nie. Wees verseker van ons liefde, waardering en gebede vir julle.
Ons bid dat die Here elkeen van julle ryklik sal seën.

Meg en die Gebedspan

Spesiale woord van dank

‘n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u ‘n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ‘n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook ‘n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Goeiemore aan almal by die Sentrum,
Ek wil net baie dankie sê vir al jul gebede en liefde deur die jare. Dankie ook dat jul saam met ons ingetree het vir my Pa! Sy blaas probleem en Gordelroos is binne dae weg is gesond! Prys ons Koning en Halleluyah!
Baie liefde
Carine Beyleveld

Wees gegroet in die lieflike Naam van die Here. Dit is met groot blydskap in my hart, en baie dankbaarheid; dat ek voor die Here sê: "Dankie Vader vir die groot beterskap ". Die Here het my aangeraak, ek het geen pyn nie. Ons gee U al die Eer en Lof en aanbidding ons Heer. Baie dankie vir die gebede. Sonder julle gebede en ondersteuning sou ek dit nie kon doen nie, die Here seën julle ryklik.
Mnr. T Pretorius, Pretoria

Graag wil ons as ouers ons opregte dank betuig vir al u gebede vir Lindy ons dogter, was baie moedeloos. Dinge wou net nie vir haar reg loop nie. Ons het gevra dat u asseblief vir haar moet bid vir 'n werk. Ons het geglo die Here het nog net die regte werk vir haar, en ons het gewag. Die Here het ons gebed verhoor. Lindy het 'n goeie werk gekry !!. Ons gee ons Hemelse Vader al die eer en lof!!
Mev P Swanepoel, Kempton Park

Baie graag wil ek hê dat u ons getuienis sal plaas van ons seun, Sam wat genees is van die kanker aan sy skildklier. Ons en al ons ander familielede loof en prys Sy Grootte Naam daarvoor.
Met baie liefde groete.
Mev A Badenhorst, Standerton

Verlede jaar het ek aan u geskryf vir voorbidding vir my man. Sy been en rug, die Dr. by ons het gesê hy moet vir 'n rug operasie gaan, hy kan nie op sy linker been en voet trap nie, en het geen mediese fonds nie. Die kussinkies tussen die werwels is weg. Prys die Here hy het nou geen pyn nie, en is genees, al die eer aan ons Hemelse Vader wat hom van verskriklike pyn gered het, asook 'n operasie. Hy sê dit is wonderlik om sonder pyn wakker te word. Hy het op pyn pille gelewe. Prys die Here dat Hy ons gebede verhoor.
Mev Ferreira, Kaapstad

DIE LEWE VAN JESUS IS IN JOU

Dit is opgeteken in Joh. 10:10 dat Jesus gesê het: ... "Ek (Jesus) het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê ".

Alhoewel Jesus volkome God is, was Hy volkome as mens gebore. Hy het deur versoeking na versoeking gegaan en het elkeen van hulle oorwin (Heb. 4:15). Al daardie oorwinningskrag word in Sy lewe gevind. Daardie lewe het Hy in jou geplaas – die lewe van Christus is in jou!

Gedurende Jesus se bediening op aarde, het Hy siekte, die winde en branders, die magte van duisternis en dood oorwin. Dit is Sy lewe wat oorwinning bring oor die duiwel en al sy werke. Hy het daardie lewe in jou geplaas – die lewe van Christus is in jou!

Uiteindelik het Jesus na die kruis gegaan. Toe het daardie lewe in Hom, 'n einde gemaak aan alles wat natuurlik aan die ras van Adam was – siekte, armoede, mislukkings, pyne, vloeke en dood. Alles wat natuurlik was, het opgehou om in daardie lewe van Hom te bestaan. Alles wat egter bo-natuurlik was het in Hom gebly. Daardie lewe het Hy in jou geplaas – die lewe van Christus is in jou!

Toe het Jesus uit die dood opgestaan. In daardie lewe van Hom was die krag van opstanding bygevoeg. Daardie lewe het Hy in jou geplaas – die lewe van Christus is in jou!

Na Sy opstanding, het Jesus teruggekeer na Sy Vader in die hemel. Vandag sit Hy aan die regterhand van God, rus Hy van Sy voltooide werk, beklee Hy die hoogste gesagsposisie. Daardie lewe het Hy in jou geplaas – die lewe van Christus is in jou!

Omdat Jesus terug na die Vader gegaan het, het die Heilige Gees in jou kom woon (Joh. 16:7), sodat jy sal lewe met Sy salwing in jou en in Sy oorwinnende krag kan wandel.

Alles wat Jesus is, het God vir jou bedoel om te wees. Alles wat Hy het, het God bedoel vir jou om te hê. Al die opwindende dinge waarvan jy in die Bybel oor Jesus lees, al die skatte oor Hom versteek in die Ou Testament en die ondeurgrondelike rykdom in Hom wat jy in die Nuwe Testament vind, alles van daardie lewe van Hom, is nie iewers daar buite nie. God het alles daarvan in jou geplaas, sodat jy die oorvloedige lewe kan leef waarvoor Jesus gekom het om aan jou te gee!